

VIR die hele stel benodig jy twee stukke bedrukte lakenstof in kontrasterende kleure. Vir materiaal met 'n breedte van 240 cm het jy 60 cm nodig, vir 'n breedte van 90 cm 1,60 m en vir 'n breedte van 115 cm, 1,20 m. 'n Ekstra stukkie is nodig vir die gordel van die troetelhanddoek. Gebruik oorskietstukkie om handdoek te versier.

KLERSAK EN MATJIE

BENODIGDHEDE: 50 cm materiaal met 'n breedte van 240 cm; 40 cm materiaal in 'n kontrasterende kleur met 'n breedte van 240 cm; 50 cm 115 cm-bree deurgestikte wit materiaal; 80 cm 103 cm-bree mediumgewig watteersel; 40 x 60 cm plastiekdoek; 50 cm drukknopieband met knopies 5 cm van mekaar; bypassende gare.

KNIPWERK

Knip uit die bedrukte materiaal: 2 sakheftes 46 x 37 cm; 1 buitesak 46 x 23 cm; 1 mat 33 x 52 cm.

Knip uit die kontrasterende materiaal: 2 sakkant skuinsstroke 12 x 71 cm; 2 sakeind-skuinsstroke 12 x 49 cm; 2 handvatsels 12 x 96 cm; 1 sakvoering 46 x 6 cm; 2 matkant-skuinsstroke 6 x 55 cm; 2 mateind-skuinsstroke 6 x 36 cm.

Knip uit die deurgestikte materiaal: 1 sakvoering 46 x 71 cm; 1 binnesak 46 x 71 cm.

Knip uit die watteersel: 1 sakvoering 46 x 71 cm; 1 sak 46 x 23 cm; 2 handvatsels 4,5 x 96 cm; 1 mat 33 x 52 cm.

Knip uit die plastiek: 1 matvoering 33 x 52 cm.

STIKWERK

Sak: Alle some is 1,5 cm breed tensy anders aangedui.

Berei die skuinsstroke voor deur some aan die verkeerde kant te pars op die lang sye. Vou in die helfte met die verkeerde kante na mekaar en pars. Hervou slegs die eindstroke met die regte kante na mekaar en stik by die punte aanmekaar. Dun die naat uit en keer die regte kant na buite.

Maak die buitesak deur die watteersel tussen die verkeerde kante van een bedrukte en een kontrasterende sak vas te ryg. Bind een lang sy vir die sakbokant. Ryg die buitesak aan die een kant van die kleresak vas met die verkeerde kant van die buitesak en die regte kant van die kleresak teenmekaar, en met die onder- en sykante van die sakke teenmekaar.

Ryg met die verkeerde kante teenmekaar die kleresakhelftes by die onderpunte aanmekaar, insluitende die buitesak. Pars die nate na een kant en werk met bostiksel vas. Ryg die watteersel aan die verkeerde kant van die kleresak vas. Stik deur die buitesak om dit in twee gelyke helftes te verdeel.

Stik die buitesak 1,5 cm van die lang kante aan die verkeerde kant. Plaas die verkeerde kant van die buitesak teen die regte kant van die gewatteerde voering met die een lang kant 6 cm van die een kort voeringkant. Stik die onderpunt van die buitesak vas. Ryg die kante aan die voering vas. Plaas die verkeerde kante teenmekaar sodat die sakke aan dieselfde kant is. Ryg die kleresak en die voering 2,5 cm vanaf die buitekante aanmekaar. Werk die syvoerings met bostiksel naby die voering aan die buitekante aanmekaar.

Berei die handvatsele materiaal op dieselfde wyse as die eindstroke voor en plaas die watteersel tussenin. Werk met bostiksel regoor die lang kant en langs die middel van die handvatsele vas.

Werk die handvatsele met bostiksel aan die buitekante van die kleresak aan die eindstroke vas, 10 cm vanaf die synate (sien diagram 2).

Sny twee dubbele stroke hegband met ses knopies elk. Stik aan die binnekant van die kleresak onder die eindstroke vas. Sny een dubbele stuk hegband (15 cm, 4 knopies). Stik aan die eindstroke tussen die handvatsele vas (sien diagram 2).

MAT: Ryg die watteersel tussen die verkeerde kant van die bedrukte materiaal en die plastiek vas. Laat toe vir some van 1 cm. Bind kante soos vir sak.

BÊRESAK

BENODIGDHEDE: 20 cm 240 cm-bree materiaal; 60 cm 240 cm-bree kontrasterende materiaal; 130 cm 12 mm-bree broderie anglaise, 50 cm 13 mm-bree lint; klere-makkers-grafiekpapier; klerehanger; piering.

KNIPWERK: Maak 'n patroon vir die hangeroortreksel deur die hanger op die papier te plaas en die bokant af te trek. Laat 1,5 cm vir die nate toe en trek reguit lyne vir die sy- en onderkante.

Knip uit die bedrukte materiaal: 2 hangeroortreksels 15 x 43 cm; 1 haakoortreksel 3 x 15 cm; 1 middelsak 18 x 43 cm; 1 bosak 15 x 43 cm; 1 ondersak 20 x 43 cm.

Knip uit die kontrasterende materiaal: 1 ruglaag 60 x 43 cm; 1 bosakvoering 15 x 43 cm; 1 middelsakvoering 18 x 43 cm; 1 ondersakvoering 20 x 43 cm; 4 tussensakstroke 3,5 cm breed en onderskeidelik 16 cm, 2 x 19 cm en 21 cm lank.

STIKWERK: Some is 1 cm breed tensy anders aangedui.

Stik vir elke sak die sak en voering langs die bokant van die lang kant aanmekaar met die regte kante teenmekaar. (Maak seker dat die drukpatroon in die rege rigting wys). Vou die sak en voering met die verkeerde kante na mekaar en stik langs die oop kante aanmekaar. Pars 'n soom aan die onderkant in. Plaas die verkeerde kant van die bosak teen die regte kant van die ruglaag sodat die onderkant van die sak 17,5 cm van die borand van die ruglaag is. Plaas die middelsak op dieselfde wyse 36 cm van bo en die ondersak sodat die onderkant gelyk is met die ruglaag se onderste rand. Stik die sakke onder en aan weerskante aan die ruglaag vas.

Pars some van 8 mm elk in die lang kante van die tussensakstroke. Vou 1,5 cm aan elke punt in. Verdeel die twee boonste sakke in drie dele. Vou een punt van die strook oor die borand van die sak en die ander gelyk met die onderkant. Stik aan albei kante vas. Ryg die sakke en ruglaag met die regte kante teenmekaar aan die voering vas. Gebruik die piering as sjabloon om die onderste hoeke te rond. Sny oortollige materiaal langs die kante weg. Keer die sak uit en werk met bostiksel 1 cm van die kante en onderkant.

Vou die rande van die haakoortreksel in. Stik rondom die haak van die hanger. Pars 'n soom van 1,5 cm aan die lang reguit rand van die hangeroortreksel. Plaas die regte kante teenmekaar en stik die sy- en bokante; laat 'n opening van 2 cm in die middel van die bokant. Keer uit en plaas die hanger in die oortreksel. Werk die haakoortreksel aan die hangeroortreksel vas.


Knip drie stukke broderie anglaise van 45 cm elk en vou 1 cm aan elke punt in. Ryg een stuk oor die bokant van die sakkestrook sodat die onafgewerkte rande gelyk is. Plaas die sakgedeelte in die hangeroortreksel en deurstik met bostek. Vou die onafgewerkte rande van die oorblywende broderie anglaise in en werk met bostiksel oor die onderkante van die bo- en middelsakke vas. Bind 'n lint om die haak.

TROETELHANDDOEK

BENODIGDHEDE: 90 cm 90-cm-bree handdoekmateriaal; 3,5 m 25 mm-bree skuinsband; bypassende gare; piering.

KNIPWERK: Knip die materiaal vierkantig indien nodig. Knip een hoek af soos aangedui in diagram 3. Gebruik die piering as 'n sjabloon om die ander drie hoeke te rond.

STIKWERK: Stik some van 1 cm in. Vou die materiaal sodat die verkeerde kante teenmekaar is en hoeke A bymekaar is. Stik 'n naat tussen A en B en rond die punt soos aangedui in diagram 4. Dun nate uit en werk hulle af. Bind buitenste onafgewerkte nate met skuinsband.



MAAK **BADTYD** TROETELTYD

*Dié klere- en doekesak, badmatjie,
bêresak en troetelhanddoek kan
badtyd vir ma en baba aange-
naam maak. Kies kleure wat by
jou bad- of kinderkamer pas*

